



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

EKONOMIE

EKSAMENRIGLYNE

GRAAD 12

2014

Hierdie riglyne bestaan uit 25 bladsye.

INHOUDSOPGAWE

	BLADSY
1. INLEIDING	3
2. ASSESSERING IN GRAAD 12	4
2.1 Formaat van die vraestelle	4
2.2 Besonderhede van die vraestelle	4
3. INHOUD	6
4. SLOT	25

1. INLEIDING

Die Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV) vir Ekonomie beskryf die aard en doel van die vak Ekonomie. Dit gee leiding aan die filosofie wat die basis is van die onderrig en assessering van die vak in graad 12.

Die doel van hierdie Eksamenglyne is om:

- Duidelikheid te gee oor die diepte en omvang van die inhoud wat in die graad 12 Nasionale Senior Sertifikaat (NSS) -eksamen in Ekonomie geassesseer gaan word.
- Bystand te verleen aan onderwysers om leerders doelmatig vir die eksamens voor te berei.

Hierdie dokument gee aandag aan die finale graad 12 eksterne eksamens. Dit behandel op geen vlak die Skoolgebaseerde Assessering (SBA) nie.

Hierdie Eksamenglyne moet gelees word saam met:

- *Die Nasionale Kurrikulumstelling (NKS) se Kurrikulum- en Asseseringsbeleidsverklaring (KABV): Ekonomie*
- *Die Nasionale Protokol vir Assessering: 'n Addendum tot die beleidsdokument, die Nasionale Senior Sertifikaat: 'n Kwalifikasie op Vlak 4 op die Nasionale Kwalifikasieraamwerk (NKR) rakende die Nasionale Protokol vir Assessering (Graad R–12)*
- *Nasionale beleid met betrekking tot die program- en promosievereistes van die Nasionale Kurrikulumstelling, Graad R–12*

2. ASSESSERING IN GRAAD 12**2.1 FORMAAT VAN DIE VRAESTELLE****KLASSIFIKASIE VAN ONDERWERPE VIR DIE GRAAD 12-EKONOMIE-VRAESTELLE****FINALE EKSAMENVRAESTELLE
EKONOMIE GR.12**

VRAESTEL 1		VRAESTEL 2	
150 PUNTE	-	1½ UUR	
		150 PUNTE	-
			1 ½ UUR
HOOFONDERWERP MAKRO-EKONOMIE		HOOFONDERWERP MIKRO-EKONOMIE	
ONDERWERPE: <ul style="list-style-type: none"> • Ekonomiese kringlope • Sakesiklusse • Openbare sektor • Buitelandsevaluta-markte • Beskerming en vryhandel 		ONDERWERPE: <ul style="list-style-type: none"> • Volmaakte markte • Onvolmaakte markte • Markmislukkings 	
EKONOMIESE STREWES		HOOFONDERWERP KONTEMPORÊRE EKONOMIESE KWESSIES	
ONDERWERPE: <ul style="list-style-type: none"> • Groei en ontwikkeling • Nywerheidsontwikkelingsbeleide • Ekonomiese en maatskaplike prestasie-aanwysers 		ONDERWERPE: <ul style="list-style-type: none"> • Inflasie • Toerisme • Omgewingsvolhoubaarheid 	

2.2 BESONDERHEDE VAN DIE GRAAD 12-EKONOMIE-VRAESTELLE

- ELKE VRAESTEL tel 150 PUNTE.
- Die tydsduur van elke vraestel is **1½ UUR**.
- Elke vraestel bestaan uit SES VRAE, wat in DRIE afdelings ingedeel is
Van die ses vrae moet slegs VIER soos volg beantwoord word:
AFDELING A: VRAAG 1 is VERPLIGTEND.
AFDELING B: Bestaan uit DRIE vrae: VRAAG 2–4 waarvan die kandidaat slegs TWEE moet kies
AFDELING C: Bestaan uit TWEE vrae: VRAAG 5–6 waarvan die kandidaat slegs EEN moet kies
- Die bogenoemde vraestelle mag NIE op dieselfde dag geskryf word NIE.
- Die gedetailleerde vereistes vir elke afdeling (per vraestel) word hieronder aangedui:

AFDELING A (VERPLIGTEND)**TOTAAL: 30****VRAAG WORD IN DIE ANTWOORDEBOEK BEANTWOORD – GEEN LOS ANTWOORDBLAAIE WORD TOEGELAAT NIE**

- | | | |
|-----|--|--------------|
| 1.1 | Meervoudigekeuse- (laer-orde)
VIER per hoofonderwerp = 8 items (2 punte per item) | (8 x 2) (16) |
| 1.2 | Pasitens KOLOM A en B laer-orde)
VIER items per hoofonderwerp = 8 items (1 punt per item) | (8 x 1) (8) |
| 1.3 | Identifiseer die konsep (middel-/laer-orde)
DRIE items per hoofonderwerp | (6 x 1) (6) |

AFDELING B (BEANTWOORD TWEE VRAE UIT HIERDIE AFDELING) TOTAAL: 80**VRAAG 2–4 (DRIE VRAE)**

EEN vraag per HOOFONDERWERP en EEN kombinasievraag (punte nie noodwendig eweredig versprei in die kombinasievraag nie) tussen die 2 HOOFONDERWERPE

2.1 Kort items

2.1.1 Laer-orde (2 ITEMS)	(2 x 1) (2)
2.1.2 Middel-orde (1 ITEM)	(1 x 2) (2)
	(4)

2.2 Data-respons (middel-orde): Bestudeer die volgende grafiek/spotprent/tabel/uitreksel, ens. en beantwoord die vrae wat volg. (10)

2.3 Data-respons (middel-orde): Bestudeer die volgende grafiek/spotprent/tabel/uitreksel, ens. en beantwoord die vrae wat volg: (10)

2.4 EEN enkel-tipe vraag (middelorde) (2 x 4) OF (4 x 2) (8)

2.5 EEN enkel-tipe vraag (hoër-orde): (2 x 4) OF (4 x 2) (8)
[40]

ADELING C (BEANTWOORD EEN VRAAG UIT HIERDIE AFDELING) TOTAAL: 40

VRAAG 5–6 (TWEË OPSTELTIPE VRAE) EEN vraag per hoofonderwerp

STRUKTUUR VAN OPSTEL	PUNTETOEKENNING
Inleiding	Maks. 2
Liggaam: Hoofgedeelte: Bespreek in detail/In-diepte-bespreking/Ondersoek/ Bespreek krities/Ontleed/Vergelyk/Evalueer/Onderskei//Verduidelik/ Assesseer/Debatteer Addisionele gedeelte: Gee eie mening/Bespreek krities/Evalueer/ Evalueer krities/Teken 'n grafiek en verduidelik/Gebruik die gegewe grafiek en verduidelik/Voltooi die gegewe grafiek/Bereken/Werk uit/ Vergelyk/Verduidelik/Onderskei/Interpreteer/Debatteer kortliks	Maks. 26 Maks. 10
Gevolgtrekking	Maks. 2
TOTAAL	40

3. KOGNITIEWEVLAKTABEL: EKONOMIE GRAAD 12

VRAESTEL 1 & VRAESTEL 2	KOGNITIEWE VLAKKE	PUNTE	%
	Laer-orde (Vlak 1 & 2)	45	30
	Middelorde (Vlak 3 & 4)	60	40
	Hoër-orde (Vlak 5 & 6)	45	30

3. INHOUD

<p>LET WEL: Voorbeelde van uitdagende/hoër-orde-vrae dui die omvang en diepte van die spesifieke elemente van die leerinhoud aan.</p>		
<p>HOOFONDERWERP: MAKRO-EKONOMIE</p>		
ONDER-WERP	INHOUD	OMVANG EN DIEPTE VAN EKSAMINEERBARE INHOUD
<p>1. Ekonomiese kringloop</p>	<p>Stel die ekonomiese kringloop as 'n makro-ekonomiese model voor</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die oop ekonomiesekringloop-model <ul style="list-style-type: none"> - Begrippe - Die volledige viersektordiagram Deelnemers <ul style="list-style-type: none"> ➢ Huishoudings ➢ Sakesektor ➢ Staat ➢ Buitelandse sektor - Markte <ul style="list-style-type: none"> ➢ Faktormark ➢ Mark vir goedere+dienste/produkte ➢ Finansiële markte - Geld en kapitaal ➢ Buitelandse markte/valuta ➢ Vloei deur die verskillende markte (produksie, inkomste en besteding) Reële en geldvloei Inspuitings ($J = I + G + X$) Lekkasies ($L = S + T + M$) Vergelykings, bv $Y = C + I + G + (X - M)$ <p>Ontleed en lei nasionale rekeningtotale en omskakelings af.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Nasionale rekeningtotale en omskakelings Berekening van die nasionale rekeningtotale: <ul style="list-style-type: none"> - Produksie BBP(P) - BBP - Inkomste BBP (I) - BBI - Besteding BBP (E) - BBB Nasionale rekeningomskakelings: <ul style="list-style-type: none"> - Stelsel van Nasionale Rekeninge - (Nominale en Reële pryse, Basiese pryse, Faktorkoste, Markpryse, Netto syfers, Binnelandse en Nasionale syfers en besteebare nasionale inkomste) 	<ul style="list-style-type: none"> • Definisies en verduidelikings • Identifiseer deelnemers, vloei, inspuitings en lekkasies vanaf diagram • In-diepte bespreking van die onderlinge verhoudings tussen die deelnemers • Teken en interpreteer 'n kringloop-diagram • Bespreking van 'n ekonomie in ewewig • Verklaar die gelykheid: $L = J$ en illustreer samestellende elemente • Verduidelik die verhouding tussen markte binne die VIER-sektor-model • Koppel die werking van die buitelandsevaluta-markte aan die deelnemers aan die ekonomiese kringloop • Definisies en verduidelikings • Identifiseer vanaf tabel • Bespreek kortliks die DRIE metodes • Verduidelik die konsepte wat gebruik word in die nasionale rekeninge • Ontleed, interpreteer en bereken • Ontleed die nasionale rekeningomskakelings <p><i>HOËRORDE-VRAAG: Watter verband is daar tussen besteding, inkomste en produksie?</i></p>

	<p>Berekening en toepassing van die vermenigvuldiger</p> <ul style="list-style-type: none">• Die vermenigvuldiger<ul style="list-style-type: none">- Definisie van die vermenigvuldigereffek- Verduideliking van die vermenigvuldigings proses- Met behulp van 'n ekonomiese kringloop en voorbeelde (gebruik 'n grafiek en illustrasie)- Toepassing van basiese formules	<ul style="list-style-type: none">• Definieer die begrip <i>HOËRORDE-VRAAG: Verduidelik die vermenigvuldigingsproses deur die gebruik van die grafiek en die volgende formule:</i> $\Delta Y / \Delta E$ <p><i>HOËRORDE-VRAAG: Wat is die effek van die grensgeneigdheid om te verbruik (mpc) en grensgeneigdheid om te spaar (mps) op die vermenigvuldiger (1/1-mpc of 1/mps)?</i></p> <ul style="list-style-type: none">• Koppel die vermenigvuldiger aan die ekonomiese kringloop model <p><i>HOËRORDE-VRAAG: Waarom is die waarde van die vermenigvuldiger in werklikheid baie klein?</i></p>
--	--	--

ONDER- WERP	INHOUD	OMVANG EN DIEPTE VAN EKSAMINEERBARE INHOUD
<p>2. Sake-siklusse</p>	<p>Ontleed en verduidelik sakesiklusse, toon hoedat dit gebruik word in vooruitskatting</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die samestelling en kenmerke van sakesiklusse <ul style="list-style-type: none"> - Definisie - Die aard van sakesiklusse - Demonstrasie/diagram - Die reële (werklike) sakesiklus • Verduidelikings <ul style="list-style-type: none"> - Eksogene verduideliking - Endogene verduideliking - Tipes sakesiklusse • Owerheidsbeleid <ul style="list-style-type: none"> - Monetêre beleid (uitbreidende en inkrimpende beleid) - Fiskale beleid (uitbreidende en inkrimpende beleid) - Kombinasie van monetêre en fiskale beleid • Die nuwe ekonomiese paradigma (effening/gladstryk van siklusse) <ul style="list-style-type: none"> - Definisie - Vraagkantbeleid <ul style="list-style-type: none"> ➤ Inflasie en werkloosheid - Aanbodkantbeleid <ul style="list-style-type: none"> ➤ Vermindering in koste ➤ Verbetering in die doeltreffendheid van insette ➤ Verbetering in die doeltreffendheid van markte • Kenmerke onderliggend aan vooruitskatting met betrekking tot sakesiklusse <ul style="list-style-type: none"> - Aanwysers <ul style="list-style-type: none"> ➤ Leidende ➤ Samevallende ➤ Sloerende ➤ Saamgestelde - Lengte van 'n siklus 	<ul style="list-style-type: none"> • 'n In-diepte-bespreking is nodig • Definieer die begrip • Verduidelik die aard van sakesiklusse • Teken/Illustreer 'n tipiese sakesiklus • Gebruik 'n diagram om die verskillende fases in 'n sakesiklus te bespreek • Slegs 'n breë oorsig van die reële/werklike sakesiklus word vereis • Bespreek die Monetaristiese /Eksogene verduideliking • Bespreek die Keynesiaanse/Endogene verduideliking • Verduidelik in breë trekke die aard van die sakesiklusse <i>HOËRORDE-VRAAG: Vergelyk en kontrasteer die endogene en eksogene verduidelikings vir sakesiklusse</i> • Verduidelik die monetêre en fiskale beleid wat deur die regering gebruik word om sakesiklusse uit te stryk <i>HOËRORDE-VRAAG: Verduidelik hoe fiskale en monetêre beleid kan gebruik word om ekonomiese aktiviteit te stimuleer tydens 'n resessie</i> • Definieer die <i>nuwe ekonomiese paradigma</i> • Verduidelik die betekenis van die gladstryk van siklusse • Bespreek die vraag- en aanbodkantbeleide met die hulp van grafieke <i>HOËRORDE-VRAAG: Verduidelik hoe die vraag en aanbodkant beleide gebruik word om ekonomiese aktiviteit te stimuleer in die gladstryk van sakesiklusse</i> • Verduidelik die relevante konsepte • Bespreek in detail die eienskappe onderliggend aan vooruitskatting • Maak gebruik van 'n diagram en bespreek die sikluslengte, amplitude en die tendenslyn as eienskappe onderliggend aan vooruitskatting

	<ul style="list-style-type: none"> - Amplitude - Die tendenslyn - Ekstrapolasie - Bewegende gemiddeldes 	<p><i>HOËRORDE-VRAAG: Maak gebruik van die gegewe werklike sakesiklusdiagram en verduidelik waarom dit gebruik word as 'n vooruitskattingsmodel</i></p>
--	---	---

ONDERWERP	INHOUD	OMVANG EN DIEPTE VAN EKSAMINEERBARE INHOUD
<p>3. Openbare sektor</p>	<p>Evalueer die rol van die openbare sektor in die ekonomie met spesiale verwysing na die sosio-ekonomiese verantwoordelikheid binne die Suid-Afrikaanse konteks</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die samestelling en noodsaaklikheid van die openbare sektor <ul style="list-style-type: none"> - Samestelling - Noodsaaklikheid <ul style="list-style-type: none"> ➤ Om openbare goedere te voorsien ➤ Om hulpbronne te bewaar ➤ Om die ekonomie te bestuur • Probleme van openbaresektorvoorsiening <ul style="list-style-type: none"> - Aanspreeklikheid/rekenpligtigheid - Doeltreffendheid - Assessering van behoeftes - Prysbeleid - Parastatale/Semi-staatsinstellings - Privatisering/Nasionalisering • Doelwitte van die openbare sektor en begrotings <ul style="list-style-type: none"> - Hoofdoelwitte <ul style="list-style-type: none"> ➤ Ekonomiese groei ➤ Volle indiensneming ➤ Wisselkoersstabiliteit ➤ Prysstabiliteit ➤ Ekonomiese gelykheid - Begrotings <ul style="list-style-type: none"> ➤ Mediumtermyn-bestedingsraamwerk (MTBR) ➤ Die nasionale (hoof), provinsiale en munisipale begrotings • Fiskale beleid (insluitende die Laffer-kurwe) <ul style="list-style-type: none"> - Kenmerke van fiskale beleid <ul style="list-style-type: none"> ➤ Doel gebonde ➤ Vraag gebaseer ➤ Siklies 	<ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik kortliks die samestelling van die openbare sektor <i>HOËRORDE-VRAAG: Illustreer die samestelling van die openbare sektor deur middel van 'n diagram</i> • Bespreek kortliks die noodsaaklikheid van die openbare sektor <i>HOËRORDE-VRAAG: Assesseer die effektiwiteit van die openbare sektor in die verskaffing van openbare goedere</i> • Bespreek in detail die probleme van openbaresektorvoorsiening (Toon duidelik waarom elk van hierdie faktore bydra tot die swak openbaresektorvoorsiening) • Bespreek in detail hoofdoelwitte van die openbare sektor in die ekonomie • Gee in breë trekke 'n oorsig van die verskillende begrotings • Evalueer elk van die begrotings binne die Suid-Afrikaanse konteks • Ontleed die nuutste begrotingsdata <i>HOËRORDE-VRAAG: Identifiseer en verduidelik hoe sosiale regte aangespreek word in die staat se begrotings</i> • Bespreek kortliks die kenmerke van fiskale beleid • Stel vyf oogmerke met fiskale beleid voor

	<ul style="list-style-type: none"> - Samestelling van fiskale beleid <ul style="list-style-type: none"> ➤ Regeringsbesteding ➤ Belasting ➤ Lenings (Staatskuld) - Gevolge van fiskale beleid <ul style="list-style-type: none"> ➤ Inkomstedistribusie/verdeling ➤ Verbruik ➤ Prysvlak ➤ Aansporings/Ontmoedigings: <ul style="list-style-type: none"> ○ Die Laffer-kurwe ➤ Diskresie • Redes vir Openbaresektor-mislukking <ul style="list-style-type: none"> - Eienskappe/Kenmerke <ul style="list-style-type: none"> ➤ Oneffektief ➤ Ondoeltreffendheid - Redes vir Openbaresektor-mislukking <ul style="list-style-type: none"> ➤ Bestuursmislukking ➤ Apatie ➤ Gebrek aan motivering ➤ Burokrasie ➤ Politici ➤ Strukturele swakhede ➤ Spesiale belangegroepes • Gevolge van Openbaresektor-mislukking <ul style="list-style-type: none"> ➤ Toewysing van hulpbronne ➤ Ekonomiese onstabiliteit ➤ Verspreiding van inkomste ➤ Sosiale/Maatskaplike stabiliteit <p>Sluit waar van toepassing in: nasionale makro-ekonomiese beleid en dienslewering ten opsigte van sosio-ekonomiese regte, onderwys, gesondheid, en die omgewing, en bestaansekerheid, konvensie van kinderegte, belasting, en vergoeding vir die skending van menseregte.</p>	<ul style="list-style-type: none"> • Bespreek kortliks die samestelling van die fiskale beleid • Bespreek in detail die gevolge van fiskale beleid • Ontleed en evalueer die gevolge van fiskale beleid binne die Suid-Afrikaanse konteks • Trek en interpreteer Laffer-kurwe • Bespreek kortliks die eienskappe/kenmerke van openbaresektor-mislukking • Bespreek in detail die redes vir openbaresektor-mislukking <i>HOËRORDE-VRAAG: Stel voor hoe die Suid-Afrikaanse regering openbare- sektormislukking kan vermy/voorkom</i> • Bespreek in breë trekke die gevolge van openbaresektor-mislukking
--	--	--

ONDERWERP	INHOUD	OMVANG EN DIEPTE VAN EKSAMINEERBARE INHOUD
4. Buitelandsevaluta-mark	<p>Onderzoek die buitelandsevaluta-mark en die totstandkoming van wisselkoerse en toon aan hoe die betalingsbalansrekening geaffekteer word</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die vernaamste redes vir internasionale handel <ul style="list-style-type: none"> - Vraagredes <ul style="list-style-type: none"> ➤ Grootte van die bevolking ➤ Inkomstevlakke ➤ Verandering in die welvaart van die bevolking ➤ Voorkeure en smake ➤ Die verskil in verbruikspatrone 	<ul style="list-style-type: none"> • Bespreek kortliks die vernaamste redes vir internasionale handel • Onderskei tussen die vraag- en aanbodredes

	<ul style="list-style-type: none"> - Aanbodredes <ul style="list-style-type: none"> ➤ Natuurlike hulpbronne ➤ Klimaatstoestande ➤ Menslike hulpbronne ➤ Tegnologiese hulpbronne ➤ Spesialisasie ➤ Kapitaal - Die gevolge van die internasionale handel <ul style="list-style-type: none"> ➤ Spesialisasie ➤ Massaproduksie ➤ Doeltreffendheid ➤ Globalisering • Die betalingsbalans <ul style="list-style-type: none"> - Beskrywing/Definisie - Die waarde van die betalingsbalans - Samestelling van die betalingsbalans <ul style="list-style-type: none"> ➤ Die lopende rekening ➤ Die kapitaal oordrag rekening ➤ Die finansiële rekening ➤ Die reserwerekening • Buitelandsevaluta-markte <ul style="list-style-type: none"> - Beskrywing/Definisie - Vraag en aanbod/Prysvorming - Appresiasie en depresiasie - Revaluasie en devaluasie - Inmenging in die mark • Die totstandkoming van wisselkoerse <ul style="list-style-type: none"> - Wisselkoersstelsels <ul style="list-style-type: none"> ➤ Vryswewende wisselkoersstelsel ➤ Beheerde swewende wisselkoersstelsel ➤ Vaste wisselkoersstelsel - Ruilvoet - Vryhandel en beskerming - Suid-Afrika se buitelandse handel 	<ul style="list-style-type: none"> • Bespreek kortliks die gevolge van internasionale handel • Gee jou mening oor die gevolge van internasionale handel • Definieer die betalingsbalans • Verduidelik die doel/waarde van die betalingsbalansdata • Ontleed en interpreteer betalingsbalans • Gee 'n kort oorsig van die sub-rekeninge van die betalingsbalans <i>HOËRORDE-VRAAG: 'Daar word dikwels gesê dat die betalingsbalans 'n goeie aanduiding is van of 'n land binne of buite sy vermoë lewe. Evalueer hierdie stelling met betrekking tot elke afdeling in die betalingsbalans</i> • Definieer/Verduidelik/Vergelyk die relevante begrippe • Teken/Interpreteer grafieke • Bespreek kortliks die vraag- en aanbodfaktore • Bespreek kortliks markinmenging <i>HOËRORDE-VRAAG: Trek 'n volledig benoemde grafiek wat ewewig aandui in die buitelandse valuta mark en voorspel die gevolge wat veranderinge in die onderliggende kragte van vraag en aanbod sal hê op die waarde van 'n geldeenheid</i> • Definieer/Verduidelik die relevante begrippe • Bespreek kortliks die onderskeie wisselkoersstelsels • Verduidelik kortliks die begrip ruilvoet • Verduidelik in breë trekke die begrippe vryhandel en beskerming • Gee 'n breë uiteensetting, ontleed en interpreteer saamgestelde data van SA se handel en handelsvennote • Evalueer Suid-Afrika se wisselkoers-stelsel
--	--	--

	<ul style="list-style-type: none"> • Korreksies van betalingsbalanssurplusse en -tekorte (onewewigtighede/disekwilibria) <ul style="list-style-type: none"> - Beskrywing/Definisie - Rentekoerse - Invoerbeheer - Leen en uitleen - Verandering in vraag - Uitvoerbevordering - Invoervervanging - Verandering in wisselkoerse 	<ul style="list-style-type: none"> • Assesseer Suid-Afrika se buitelandse handel met betrekking tot die ruilvoet, vryhandel en beskerming • Verduidelik die begrippe: korreksies en tekort/onewewigtighede op die betalingsbalans • Bespreek kortliks die verskillende maatreëls om korreksies op die betalingsbalans te maak <p><i>HOËRORDE-VRAAG: 'Suid-Afrika se betalingsbalans toon 'n algehele tekort van R10 miljard oor drie agtereenvolgende kwartale vanjaar.' Aanvaar dat die grootste probleem blyk die lopende rekening te wees. Wat sal jou advies aan president van die reserwebank wees om die kroniese tekort op die betalingsbalans te verminder?</i></p>
--	---	--

ONDERWERP	INHOUD	OMVANG EN DIEPTE VAN EKSAMINEERBARE INHOUD
<p>5. Beskerming en Vryhandel (Globalisering)</p>	<p>Bespreek beskerming en vryhandel en evalueer die Suid-Afrikaanse internasionale handelsbeleide en vernaamste protokolle in terme van die volgende:</p> <ul style="list-style-type: none"> • Uitvoerbevordering <ul style="list-style-type: none"> - Definisie - Redes - Metodes - Voordele - Nadele • Invoervervanging <ul style="list-style-type: none"> - Definisie - Redes - Metodes - Voordele - Nadele • Beskerming (die argumente) <ul style="list-style-type: none"> - Definisie - Argumente ten gunste van beskerming <ul style="list-style-type: none"> ➤ Industriële ontwikkeling ➤ Jong nywerhede wat begin ➤ Stabiele loonvlakke en 'n hoë lewenstandaard ➤ Verhoogde indiensneming ➤ Selfvoorsienende en strategiese nywerhede ➤ Voorkoming van dumping/storting ➤ Stabiele wisselkoers en betalingsbalans ➤ Beskerming van natuurlike hulpbronne • Vryhandel (die argumente) <ul style="list-style-type: none"> - Argumente ten gunste van vryhandel <ul style="list-style-type: none"> ➤ Spesialisasie 	<ul style="list-style-type: none"> • Definieer/Verduidelik die begrip • Bespreek uitvoerbevordering in detail • Definieer/Verduidelik die begrip • Bespreek invoervervanging in detail <p><i>HOËRORDE-VRAAG: Evalueer die effektiwiteit van uitvoerbevordering en invoer-vervanging</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • Definieer/Verduidelik die konsep • Bespreek die argumente ten gunste van beskerming in detail • Verduidelik in breë trekke die begrippe vryhandel en beskerming • Definieer/Verduidelik die konsep • Bespreek vryhandel in detail

	<ul style="list-style-type: none"> ➤ Ekonomie van skaal ➤ Keuses/Verhoogde welvaart ➤ Innovasies/Beste praktyke ➤ Verbeterde internasionale betrekkinge <ul style="list-style-type: none"> • 'n Gewenste mengsel <ul style="list-style-type: none"> - Invoervervanging en uitvoerbevordering - Beskerming van vryhandel - Globalisering - Ekonomiese integrasie • Evalueer Suid-Afrika se handelsbeleide <ul style="list-style-type: none"> - Invoervervanging en uitvoerbevordering - Beskerming en vryhandel <ul style="list-style-type: none"> ➤ Suider-Afrikaanse Doeane-unie (SADU) ➤ Multilaterale Monetêre Gebied (MMG) ➤ Suider-Afrikaanse Ontwikkelings-gemeenskap (SAOG) ➤ Afrika-unie (AU) ➤ Europese Unie (EU) ➤ Mercusor ➤ AGOA ➤ Die vennootskap tussen Brasilië, Rusland, Indië, China en Suid-Afrika (BRICS) - Handelsliberalisasie/Handelsvryheid <ul style="list-style-type: none"> ➤ Wêreldhandelsorganisasie (WHO) 	<ul style="list-style-type: none"> • Argumenteer ten gunste van beskerming en teen vryhandel, OF ten gunste van vryhandel en teen beskerming • Verduidelik in jou eie woorde die betekenis van 'n gewenste mengsel • Omskryf in breë trekke ekonomiese integrasie as deel van handelsprotokolle. <i>HOËRORDE-VRAAG: Wat is die gevolg van globalisering op die gewenste mengsel van Suid-Afrika?</i> • Verduidelik die betekenis van die begrip protokol • Evalueer in breë trekke Suid-Afrika se beleide ten opsigte van vryhandel en beskerming • Evalueer in breë trekke Suid-Afrika se handelsprotokolle in terme van hul voordele • Verduidelik die begrip • Verduidelik in breë trekke die rol van die (WHO) in die liberalisering van handel.
--	---	--

HOOFONDERWERP: MIKRO-EKONOMIE

ONDERWERP	INHOUD	OMVANG EN DIEPTE VAN EKSAMINEERBARE INHOUD
<p>6. Dinamiek van Volmaakte markte</p>	<p>Ondersoek die dinamiek van volmaakte markte met behulp van koste- en inkomstekurwes</p> <p>LET WEL:</p> <ol style="list-style-type: none"> 1. Hersien koste/inkomstetabelle en -kurwes wat in graad11 gedoen is. 2. Onderskei tussen kort- en langtermyn. <ul style="list-style-type: none"> • Volmaakte mededinging <ul style="list-style-type: none"> - Beskrywing - Kenmerke/Voorwaardes • Individuele firmas en industrie <ul style="list-style-type: none"> - Die vraagkurwe vir: <ul style="list-style-type: none"> ○ Individuele firma ○ Die industrie - Winsmaksimering - Afleiding van die aanbodkurwe vanaf kostekurwes 	<p><i>HOËRORDE-VRAAG: Ondersoek in detail hoe koste- en inkomste-kurwes gebruik kan word om die dinamiek (werking) van markte te illustreer en verduidelik die dinamiek van markte</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • Verduidelik die begrip • Ondersoek die kenmerke van 'n volmaakte mark in detail • Vergelyk in detail die individuele firma en die industrie • Die ondersoek van individuele firmas en die industrie moet gesteun word deur 'n ontleding van tabelle en grafieke <i>HOËRORDE-VRAAG: Verduidelik hoekom die individuele mielie-, koring- of melkboere nie 'n invloed het op die prys van hul produkte in die mark nie</i>

	<ul style="list-style-type: none"> • Markstruktuur <ul style="list-style-type: none"> - Definisie - Kenmerke <ul style="list-style-type: none"> ➤ Aantal besighede ➤ Aard van die produk ➤ Toegang tot die mark ➤ Beheer oor pryse ➤ Inligting ➤ Voorbeelde ➤ Vraagkurwe ➤ Ekonomiese wins ➤ Samespanning ➤ Toewysingsdoeltreffendheid ➤ Tegniese doeltreffendheid • Uitset, Wins, Verlies en Aanbod <ul style="list-style-type: none"> - Individuele firma <ul style="list-style-type: none"> ➤ Kort-termyn- (ekonomiese wins, ekonomiese verlies, normale wins) ➤ Lang-termyn- (normale wins) ➤ Sluitingspunt - Die industrie <ul style="list-style-type: none"> ➤ Kort-termyn- (ekonomiese wins, ekonomiese verlies, normale wins) ➤ Lang-termyn- (normale wins) • Mededingingsbeleid <ul style="list-style-type: none"> - Beskrywing - Doelwitte met die mededingingsbeleid - Antimonopolie - Mededingingsbeleid, 1998 (Wet 89 van 1998) <ul style="list-style-type: none"> ➤ Mededingingskommissie ➤ Mededingingstribunaal ➤ Mededingings-appèlhof 	<ul style="list-style-type: none"> • Definieer die konsep • Vergelyk en kontrasteer die VIER breë tipes markstrukture <p>LET WEL: Soos wat die onderskeie markstrukture bespreek word sal ook ander kenmerke na vore kom.</p> <ul style="list-style-type: none"> • Ondersoek in detail die DRIE ewigsposisies met die hulp van grafieke • Verduidelik die sluitingspunt met behulp van 'n grafiek <p>WENK: Wanneer die onderskeie ewewigspunte bespreek word, moet die verband tussen die individuele firmas en die industrie beklemtoon word.</p> <p><i>HOËRORDE-VRAAG: Trek drie volledig benoemde grafieke wat die moontlike ewewigsposisies van 'n firma onder volmaakte marktoestande aandui</i></p> <ul style="list-style-type: none"> • Definieer/Verduidelik die beleid • Bespreek kortliks/ontleed SA se mededingingsbeleid. • Ontleed kortliks SA se Antimonopoliebeleid. • Bespreek kortliks die Wet op Mededinging en die implikasies daarvan, deur die rol van die DRIE sleutelinsettings uit te lig • Gee jou mening oor die suksesse/ mislukkings van die mededingingsbeleid <p><i>HOËRORDE-VRAAG: Na jou mening is die mededingings beleid in Suid-Afrika besig om besighede te vernietig of te red?</i></p>
--	---	---

ONDERWERP	INHOUD	OMVANG EN DIEPTE VAN EKSAMINEERBARE INHOUD
7. Dinamiek van Onvolmaakte markte	<p>Ondersoek die dinamiek van onvolmaakte markte met behulp van koste- en inkomstekurwes</p> <ul style="list-style-type: none"> • Die dinamiek van onvolmaakte markte met die hulp van koste- en inkomstekurwes <ul style="list-style-type: none"> - Inkomste <ul style="list-style-type: none"> ➤ Inkomsteskedule ➤ Gemiddelde en marginale inkomstekurwes - Koste <ul style="list-style-type: none"> ➤ Kosteskedule ➤ Gemiddelde en Grenskostekurwes 	<ul style="list-style-type: none"> • Bespreek kortliks die koste- en inkomstetabelle en -grafieke • Trek en vertolk grafieke

